JAARVERSLAG

2020

VOORWOORD VAN DIE SKOOLHOOF

2020 ‘n Jaar om te onthou!!

Aan die einde van ‘n kwartaal is die volgende kwartaal se kwartaalprogram reeds voltooi, alle beplanning gedoen en almal voorbereid op ‘n nuwe kwartaal.

..... en het Covid-19 nie ons appelkar omgekeer nie? Aanvanklik is mens geskok, onseker en dan neem jy ‘n besluit. Hierdie brander gaan jy ry, soms water sluk, maar elke keer as jy afval gaan jy weer opklim en die brander verder ry.
En dit is presies wat by Laerskool Gamtoosvallei gebeur het.
In so ‘n mate dat hierdie jaar uitstaan as een van die beste jare in ons skool se geskiedenis.

Met ‘n ongelooflike span het ons elke keer planne gemaak as ons voor ‘n muur te staan gekom het. Ons kon nuut dink en nuut doen.

Wie het kon dink dat skoolwerk by winkels afgehaal sou word? Ewe skielik het prioriteite verander. Die feit dat ‘n kind in die skool is, is belangriker as sy hare wat te lank is. Ouers is ook dankbaar vir die *Spogverslae* wat huis toe gestuur word, nog ‘n uitvloeisel van die grendeltyd. Verder is die snoepie deur die OOV oorgeneem. Dankie aan N’ré Moore vir die leiding wat jy daar neem.

Grendeltyd het ons ook laat besef wat werklik belangrik is in die lewe. Ons moes stil word en introspeksie hou. Ek glo dat gesinne baie baat hierby gevind het en nader aan mekaar begin leef het.

Dankie aan die Beheerliggaam, onder voorsitterskap van Grewar Oosthuizen, vir jul volgehoue ondersteuning. Nog ‘n nuwe verskynsel was die Zoomvergaderings wat verseker het dat ons op gereelde vlak kon vergader.

Een ding is verseker, ons kon nie hierdie tydperk beleef en dan terugkeer na die sogenaamde “normaal” nie. Dan was hierdie krisis nutteloos. By Laerskool Gamtoosvallei is elke personeellid dit eens dat dit wat ons in hierdie tydperk geleer het, toegepas moet word en selfs verbeter kan word.

Kom ons gryp nuwe geleenthede en nuwe kanse aan om selfs ‘n beter toekoms te skep.

Dankie aan ons Hemelse Vader wat ons skool in die holte van Sy hand hou.

Christelle McCabe
SKOOLHOOF

1. LEERDERGETALLE: Graad R – 7

2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020
162	157	162	150	158	183	191	212	208	212	216

2. PERSONEEL

Tans is die volgende onderwysers en administratiewe beamptes verbonde aan ons skool:

Mev. C. McCabe	:	Skoolhoof	
Mnr. C. Viljoen	:	Departementshoof : Fasehoof - Senior Fase	
Mnr. J. Coetzer	:	Graad 7	
Mnr. S. Barnard	:	Graad 6	
Mev. Y. Wethmar	:	Graad 5	
Mev.L. Rautenbach	:	Graad 4	
Mev. A. Eekhout	:	Graad 3	Fasehoof – Grondslagfase
Mev. J. Viljoen	:	Graad 2	
Mev. C. Biggs	:	Graad 1	
Mev. S. Visser	:	Gr. R	Fasehoof – Dink en Doen
Mev. E. v. Jaarsveld:		Gr. RR	
Mev. E. v. Jaarsveld:		Graad 0	
Mev. C. Pettit	:	Peuters en Graad 0	
Mnr. S. Barnard	:	Rekenaaronderrig	
Mnr.R. Nelson	:	Leesafrigter	
Mev. S. Grundling	:	Sekretaresse	
Mev. M. Marais	:	Finansiële beampte	
Mej. H. van Rayners:		Dink en Doen	
Mnr. H. McCabe	:	Geboue en terreine	
Mev. L. van Rooyen:		Algemene werker	
Mnr. E. Bozho	:	Algemene werker	

3. BEHEERLIGGAAM

Ons kom aan die einde van sekerlik een van die mees uitdagende en eiesoortige jare in die onlangse aantal dekades.
Wie sou met ons 1ste atletiekbyeenkoms kon dink dat ‘n virus, wat in China sy spreekwoordelike kop uitgesteek het, so ‘n ongekende en drastiese impak op ons alledaagse lewens sou hê.
Ons kan aan die einde van 2020 dus nie soos normaal terugkyk na ‘n jaar vol akademiese, kultuur, sport en ander aktiwiteite asook gepaardgaande prestasies nie.
Die inperkingstyd voel steeds onwerklik. Dit is ongekend in die geskiedenis dat die hele wêreld vir ‘n hele aantal maande byna tot stilstand sou kom.
Die impak van die Covid-19 pandemie op die ekonomie van ons land was enorm.
Derduisende besighede kon nie die mas opkom nie en miljoene mense het hul werk verloor.
Laasgenoemde het talle probleme in ons land, waaronder werkloosheid seker die ernstigste is, verder laat toeneem.
Een sektor van ons land wat na my mening die meeste geraak is, is die onderwyssektor. Die meerderheid kinders in ons land gaan nooit die agterstand wat deur die pandemie veroorsaak is, kan inhaal nie.
In die Gamtoosvallei het ons gemeenskap die ergste ekonomiese impak van die pandemie vrygespring. Ons onderskeie landbou en verwante bedrywighede kon onverstoord voortgaan. Dit is ‘n stuk genade waarvoor ons baie dankbaar moet wees.
Laerskool Gamtoosvallei het ook daarin geslaag om gedurende die grendeltydperk vinnig alternatiewe metodes van onderrig te implimenteer.
Ons kinders het definitief beter ondersteuning en onderrig ontvang as die gemiddelde kind in die vallei en ook in ons land.
Weereens is ‘n wesenlike deel van bogenoemde net genade:

- Ons ligging in ‘n landbou area het tot gevolg gehad dat die meerderheid van ons ouers se inkomste nie drasties geraak is nie en ons laerskool se inkomstestroom uit skoolgeld het goed gehou.
- Ons skool het ook voldoende spasie gehad om reeds voor ander skole toestemming te kon kry om weer met “kontak” onderrig te kon begin.

Ons moet egter ook erken dat hier ook harde en innoverende werk nodig was om die skool en ons leerders deur die uitdagende tydperk te kon stuur.
Ons moet die volgende persone bedank hiervoor:

- Ons Hemelse Vader vir genade, leiding en krag.
- Ons kinders wat in die onseker tye moes aanpas en steeds onderrig ontvang het.
- Niemand van ons besef werklik wat die impak van die onsekerheid van die afgelope paar maande op baie van ons kinders het nie.
- Ons onderwysers en personeel wat op ‘n nuwe vlak onderrig laat plaasvind het. Dankie vir jul harde werk en positiewe gesindheid.
- En dan ons ouers en gemeenskap. Baie dankie vir jul opofferings by die huis met jul kinders, asook ondersteuning van en volgehoue betrokkenheid by ons skool, sy kinders en personeel.

Ons skool kon suksesvol die uitdagings van 2020 die hoof bied! Baie sterkte aan ons kinders, personeel en ouers met die laaste kwartaal en die toeste/eksamen wat wag!

Grewar Oosthuizen

4. OOV

Die 2020 OOV span:

Gr. 1 Juanita (Bolla) Vermaak, Marosel de Ridder, Naomi Nelson
Gr. 2 Alihana Havenga
Gr. 3 Judy Schellingerhout, Kanja Steffens
Gr. 4 Diolandi Vermaak, Anneli Young
Gr. 5 Cindy Kapank, Nichola Uys
Gr. 6 Danika Scheepers
Gr. 7 Anel Ferreira, N're Moore
Onderwyseres: Yolande Wethmar

Wat 'n jaar! Ek het gewonder hoe hierdie span hier bo, die leuse van ons skool: "ONS KLIM STEEDS" sou aanpak in 'n baie onsekere tyd. Ek kyk terug met 'n **glimlag**. Daar waar ons nie 'n weg gehad het nie, het ons een **gemaak**. Alle planne was op die tafel om ander maniere te vind om geld in te samel.
Plan A was nie meer 'n opsie nie, en ons het soms by Plan D gaan draai!! Die uitdagings was soms groot.
Een vergadering en 'n uitstekende uitkoms ten spyte van 'n virus. Dankie julle!!! Meer kon ons nie doen nie. Dankie ook dat jul ten spyte van ander verpligtinge altyd bereid was om IETS te doen!

Tydens "Lockdown" kon ons die volgende aanpak:
Jaffelverkope
2x Hamburgeraande
Lemoensapprojek
Skool se snoepie is tydelik oorgeneem vir ekstra fondse.

Dankie vir elke ouer wat nie op die OOV dien nie, maar nooit geskroom het om te kom help nie. Dankie dat ons altyd op julle kan staatmaak. Sonder julle sal die OOV nie kan funksioneer nie. Dit word raakgesien en ons is ongelooflik dankbaar vir positiewe ouers!

Aan elke onderwyser, kantoorpersoneel, terreinpersoneel en beheerliggaam van Laerskool Gamtoosvallei: Dit is lekker om saam met julle te werk! Dankie vir julle geduld en leiding wat ons taak beslis makliker maak. Spesiale dank aan Hugh. Ek weet jy kruip al weg as ek nader-kom! Ons waardeer **alles** wat jy vir ons doen!

Ek is meer **trots** as voorheen! Ons klim inderdaad steeds!
Baie dankie vir 'n wonderlike 2020 OOV-span wat die take soveel makliker gemaak het.
Jul diensbaarheid is 'n riem onder die hart.

Danika Scheepers

5. GEBOUE EN TERREINE

Water
Hierdie jaar was daar besondere uitdagings rondom water. Ons maak ten volle gebruik van die 30,000l reënwater wat geoes word. Gamtoos Besproeiingsraad het ook vir ons drinkwater aangery. Daar is ’n tenk by die kiosk aangebring wat uiteindelik daar water sal voorsien. ‘n Waterlek agter die skool is uitgeskakel deur die lê van ’n nuwe waterlyn. Sproeiers is op die grasperk by Dink en Doen, asook voor die hoofhek, ingesit. Dankie aan Jaco Muller vir die drupperpype.

Sekuriteit
Om sekuriteit te verbeter en die veiligheid van ons kinders te verseker, is daar ’n heining met ’n hek tussen die saal en die skool aangebring. Alle besoekers aan die skool kan nou slegs deur die voordeur toegang tot die skool verkry. Verder tot sekuriteit is diefwering by die gereedskapskamer aangebring en ‘n spreilig wat die hoofhek verlig, installeer. Die boekstoor het ook ‘n veiligheidshek gekry. Die alarmstelsel is ook uitgebrei tot die busloods.

Terrein:
Plaveisel is by die sportgronde gelê, met dank aan Edward Colling. Die boom by die hoofhek is uitgehaal om die beligting van die hoofhek te verbeter.

Die boord agter Dink en Doen is uitgehaal, om sodoende ‘n nuwe speelterrein te ontwikkel. Baie dankie aan PSB vir die uithaal van die bome en Louwrens Bezuidenhout vir die gelykmaak van die grond.

‘n Woord van dank aan Gamtoos Besproeiingsraad vir die verwyder van rommel. Dit word opreg waardeer.

Pauline Muller het roosbome aan die skool geskenk. Die boompies groei reeds sterk en ons beoog om elke jaar met die skool se verjaarsdag ‘n roosboom aan te plant.

Geboue
Aangesien die skoolgebou al redelik oud is, bly die onderhoud daarvan ‘n prioriteit. Tydens 2020 het die volgende onderhoudswerk plaasgevind:

- Vervang toilet in seuns se badkamer
- Monteer skopplate aan deure
- Buitedeur by Gr R -herstel, buitemuur geverf en geute herstel
- Randstene om paadjies by Dink en Doen aangebring
- Pophuis opgeknap en verbeter
- Herstel interkom vanaf D&D hekkie
- Knap klaskamerdeure op, skuur en verf, bring nuwe skarniere en slotte aan
- Verf die graad 7 klas
- Verf plafon rondom saal se dakligte
- Verf van opslaanklasse asook die afkrap en verf van vensterrame.

Ander:

- Monteer nuwe verhoogligte en beheerbank
- Monteer nuwe dataprojektor in die saal
- Blindings aangebring in Wetenskap- en Graad 7-klas
- Bring projektorskerm aan in Graad 6 klas
- Skadunetafdakke opgerig, met dank aan SG Ferreira vir die pale, Edward Colling vir die skadunet en kabels.

‘n Woord van dank aan ‘n baie spesiale gemeenskap wat ons skool ondersteun met dienste en hulpverlening. Dit word opreg waardeer.
Dankie ook aan Evidence Bozo en Nonnie van Rooyen wat my bystaan met die instandhouding en algemene werk by die skool.
‘n Groot dankie ook aan my vrou wat elke dag nuwe werk vir my uitdink!!! Sy kan gerus nou aftree!

Hugh McCabe

6. FINANSIëLE VERSLAG

Ons opregte dank en waardering aan:

- die OOV en hulle fondsinsamelingsprojekte
- ouers wat gereeld hulle verpligtinge nakom
- borge en donateurs
- goeie beplanning, sinvolle besteding en beheer deur die personeel en beheerliggaam
- goeie administrasie deur die kantoorpersoneel

Dit bly ‘n uitdaging om die finansies van ‘n plattelandse skool te bestuur soos Laerskool Gamtoosvallei. Uitdagings wat gepaard gaan met hierdie skole is leerlinggetalle, departementele ondersteuning en die kapasiteit om genoegsame fondse te genereer om likied te bly.
Vanjaar het egter sy unieke uitdagings gehad met Covid-19. Daar is egter flink opgetree deur personeel met betrekking tot besparings. Dit het daartoe gelei dat ons nog steeds salarisse en bedryfsuitgawes kon betaal.
Daar word jaarliks ‘n begroting opgestel wat omsien na die operasionele behoeftes van die skool. Die skool se grootste inkomstebron is die skoolfonds. Om hierdie rede word daar ‘n baie streng debiteurebeleid gehandhaaf. Agterstallige skulde word elke drie maande oorhandig. Uitgawes word streng beperk tot dit wat begroot is. Dit verseker dat die skool op koers bly en die doelwitte wat gestel word, verwesenlik.

Die skool kon dit regkry om oor die afgelope paar jaar ‘n reserwe op te bou. Daar is tydens ‘n begrotingsvergadering met ons ouers onderneem om 50% van die oorwaarde van ‘n betrokke jaar te bespaar en sodoende die ander helfte beskikbaar te stel vir kapitaalinvestering. Die beginsel van besparing plaas ons skool in ‘n posisie waar daar altyd ‘n neseiertjie sal wees vir onvoorsiene omstandighede.

Die beheerliggaam is verantwoordelik vir verskeie leerkragte se salarisse. Dit opsigself beïnvloed die vermoë van die skool om meer vir ons kinders te doen. Instandhouding van toerusting, geboue en terrein, asook die lopende bedryfskoste moet deur die skool self betaal word. Om die voortbestaan van gehalte onderwys van Laerskool Gamtoosvallei te verseker, is dit nodig om pro-aktief te wees met finansiële beplanning rondom operasionele kwessies. Daarom is dit nodig om in die langtermyn alternatiewe inkomstebronne te identifiseer om ‘n versekerde vangnet te skep, sodat die skool met selfversekerdheid meer kan bied vir ons kinders.

Dit is belangrik dat al die ouers die Begrotingsvergadering bywoon, sodat hulle kan sien waar fondse vandaan kom en hoe dit aangewend word om die skool finansieel suksesvol te bedryf. Sodoende kan belangrike verbeteringe aan die skool gedoen word.

Ons skool is pragtig en ‘n kernpunt van belang in ons gemeenskap. Dit bring die gemeenskap bymekaar om te werk en te streef na ‘n instelling wat ons kinders so goed moontlik voorberei vir die hoërskool. Dit bly ‘n voorreg om jou kind tot Graad 7 in die huis te hê.

SG Ferreira

7. ADMINISTRASIE

Die volgende persone is verantwoordelik vir die administrasie van die skool:
Mev. S. Grundling - Sekretaresse
Mev. M. Marais - Finansiële Beampte
Ons dank en waardering aan Mev. Rienette Colesky, vir haar insette, ondersteuning en kontrolering van die boekhouding.

8. LEERLINGRAAD

Die leerlingraad het 2020 afgeskop met ‘n suksesvolle Talentedag op 14 Februarie 2020. Leerders moes die klaskamers se deure versier en die tema van liefde voortbring. Die wen-klas het ‘n spesiale prys ontvang vir die kreatiefste deur. Die leerlingraad het ook ‘n gemeenskapsprojek in die tweede kwartaal aangepak deur geskenkpakkies vir al die dokters in ons omgewing te neem om hulle te bedank vir al hulle harde werk om ons gemeenskap veilig te hou tydens die Covid-19. Laerskool Gamtoosvallei wil vir die leerlingraad baie dankie sê vir hul harde werk en toewyding regdeur die jaar. Julle het diep voetspore hier by Laerskool Gamtoosvallei gelos.

Shaun Barnard en Jané Viljoen

9. FASEVERSLAE:

9.1 DINK EN DOEN

Hierdie jaar by Dink en Doen was verseker ‘n “rollercoaster”. Die jaar het goed afgeskop en toe besluit “Corrie Corona” om ’n draai te maak en dinge omver te gooi. Onderwysers het fluks aan die werk gespring om te verseker dat maats in die tweede kwartaal nie sonder enige onderrig gelaat word nie. Maats het die oulikste werkspakkies ontvang en by die huis aan hulle takies gewerk.

Ongelukkig het ons die jaar nie ‘n Oupa- en Oumadag, Markdag, Uitstappies of Kunsfees gehad nie, maar ons kon gelukkig nog ‘n lekker konsert en fondsinsameling hou.

Juffrou Estée het haar seuntjie, Lukas, ook elke dag by die skool en hy is sowaar ons jongste Dink en Doener nog.

Ons is dankbaar vir ons Hemelse Vader dat Hy ons deur hierdie jaar gespaar het en almal gesond en veilig gehou het. Ons is ook dankbaar vir bereidwillige ouers, ons komitee en maats wat hierdie jaar nog steeds lekker gemaak het ten spyte van die 'rollercoaster" waarop ons gery het.

Daar is tans 68 leerders by Dink en Doen, waarvan 22 skoolpligtig is vir 2021.

Dink en Doen bestaan uit 3 klasse en het 1 assistent:

- Graad R Juffrou Sunelle Visser
- Graad RR & 0 Juffrou Estèe van Jaarsveld
- Graad 0 & Peuters Juffrou Corné Pettit
- Assistent Kim van Rayners

Sunelle Visser

9.2 GRONDSLAGFASE : GRAAD 1 – 3

'n Jaar wat nie een van ons sal vergeet nie.
Harde werk, lekker lag, kersspel oefen en pakkies pak gedurende grendeltydperk.

Ons het die jaar afgeskop met 'n nuwe personeellid in die grondslagfase, Juffrou Carike, wat goed en vinnig haar voete gevind het in haar Graad 1 -klas.

Deur middel van Cluster-, Zoom-, Teamsvergaderings en kursusse word ons op hoogte gehou van die nuutste verwikkelinge. Ons maak ook gebruik van SASAMS om ons punte op die korrekte manier te formuleer. Ons kry gereeld klasbesoek, gee demonstrasielesse en boeke word gekontroleer en aanbevelings word gemaak. Die grendeltydperk het ons ook nie gekeer om fasevergaderings te hou nie. Ons het weekliks gekommunikeer oor wat gedoen moet word.

Om die leerproses interessant te maak het ons verskeie plekke en besighede besoek. Hulle was na Jeffreysbaai Museum en strand, Arelipakhuis en na African Dawn. Die leerders geniet hierdie uitstappies ongelooflik baie en saam is dit 'n leersame proses.

Ekstra aktiwiteite word ook aan die leerders gebied soos Kinderkrans, EQ-Kids, Ballet, Judo, Mighty Kings, Krieket en Ritmiese Gimnastiek.

Meneer Robin Nelson (Windplaasprojek) bied ekstra lees- en klankklasse aan vir die Grondslagfase wat hulp bied vir ekstra vaslegging.

Baie dankie aan al die ouers wat bystand lewer met funksies, fondsinsamelings en ook huiswerk. Deur ywerige ouers is ons entrepreneursdae altyd 'n reuse sukses en kan ons die geld aanwend om ons klasse op te gradeer of hoe ons goeddink. Ons waardeer dit opreg.

Juffrou Alison, van die Graad 3-klas, verlaat die skool aan die einde van die jaar as gevolg van ‘n verplasing wat haar man ontvang het in Johannesburg. Ons wens hulle net die beste toe met die nuwe avontuur.

Alison Eekhout, Jané Viljoen en Carike Smith

9.3 INTERMEDIêRE EN SENIOR FASE : GRAAD 4 – 7

Met 20/20 visie het ons gedink gaan ons die jaar in, maar was blindelings, onkant gevang met die onverwagte. Met ‘n span wat saamgestaan het en planne beraam het om die rowwe see te oorleef. Mnr Karel Ferreira het ons tydelik kom uithelp tot tyd en wyl ons Mnr Junior Coetzer kon aanstel in die Graad 7 pos.

Die personeel het die jaar bewys dat daar nie ‘n tree te ver was vir hulle om vir die leerders te stap nie. Van aanlyn klasgee, video’s maak, pakkette saamstel vir tuisonderrig tot tuis besoek, ons praat nie eers van die aanpassing van sosiale afstand in die klaskamers nie.

Die Graad 6 en 7 leerders het ook aan ‘n Interne Wetenskap Expo deelgeneem en 7 leerders gaan aan die Nasionale Eskom Wetenskap Expo deelneem. Kwartaal twee was daar dan geen formele assessering nie, maar al die werk was in die leerders se spogverslae geplaas. Daar was selfs vir leerders ekstra klasse na ure aangebied om te help met die uitvalle wat as gevolg van tuisonderrig plaasgevind het om ook agterstallige werk in te haal.

Ek kan met trots sê dat die leerkragte dit als met ‘n glimlag gedoen het en ware helde was in die onseker tyd. Met sulke leerkragte is daar niks wat ons keer om die onderwysstelsel van die toekoms te help vorm nie. Ons wil dan ook vir al die tuisonderrig-“Lockdown”-onderwysers bedank vir al julle hulp en ondersteuning dié jaar toe die leerders nie skool kon bywoon nie.

Christie Viljoen

10. LEESAFRIGTER

Ons as Laerskool Gamtoosvallei is nou al meer as 4 jaar deel van die ITEC Reading Coach Programme. Hierdie progam is daarop gemik om die geletterdheidsvlakke van Graad 1 tot 3 leerders te verbeter deur middel van daaglikse leesperiodes in beide Afrikaans en Engels. Die jaar is daar ook ‘n Boek- en Wiskundeklub gestig wat gebaseer is op die graad 4 leerders om hulle ook te help in die verbetering van hulle geletterdheidsvlakke.

Robin Nelson

13. REKLAME

Dit is vir ons ‘n groot voorreg om jaarliks terug te kyk na al die gebeure wat in die jaar gebeur het en te besef dat Laerskool Gamtoosvallei werklik ‘n skool is waarop ons elkeen trots kan wees. Ons reklame en verhoudings met verskeie media instansies groei jaarliks en 2020 het ons beslis nie gestop om met ons wonderlike prestasies te spog nie.
Laerskool Gamtoosvallei spog byna weekliks met gebeure wat ons aanpak wat gepubliseer word op Facebook en ook in verskeie koerante.

Alison Eekhout

12. SPORT: Binne-skoolverband

12.1 ATLETIEK

Laerskool Gamtoosvallei het die atletiekseisoen die jaar op ‘n skitterende wyse begin met hope talent. Die Kouga-Atletiekbyeenkoms het plaasgevind by Gamtoosvallei en ons atlete het baie goed gevaar.

Die volgende atlete het aan die **CMC Atletiekbyeenkoms** in Kareedouw deelgeneem.

Abigail Laubscher	Dogters	o/10	Hekkies
Leila Scheepers	Dogters	o/10	Verspring
Yula Ferreira	Dogters	o/11	Hoogspring
Riwonia Makula	Dogters	o/11	Naellope, Verspring en Hekkies
Alet Bezuidenhout	Dogters	o/12	Hoogspring, Verspring en Hekkies
Jamie Klaas	Dogters	o/12	Hekkies
Zea Solaan	Dogters	o/12	Spiesgooi en Gewigstoot
Ane de Lange	Dogters	o/13	Hoogspring
Chrislie Ferreira	Dogters	o/13	Diskus, Spiesgooi en Hekkies
Gretha Swart	Dogters	o/13	Gewigstoot
Kean Steffens	Seuns	o/10	Gewigstoot
JG de Lange	Seuns	o/11	Gewigstoot en Hekkies
Dries Dempsey	Seuns	o/11	Hekkies
Stefan Ferreira	Seuns	o/11	Hoogspring
Stefan de Bruin	Seuns	o/12	Diskus en Gewigstoot
Kruger van Rooyen	Seuns	o/12	Hekkies
Wilhelm Bell	Seuns	o/13	Gewigstoot
Vuyolethu Solani	Seuns	o/13	Diskus

Die volgende atlete het aan die **Sarah Baartmanbyeenkoms** in Port Elizabeth deelgeneem.

Leila Scheepers	Dogters	o/10	Verspring
Heulen Dempsey	Dogters	o/11	Hoogspring en Hekkies
Alet Bezuidenhout	Dogters	o/12	Hoogspring, Verspring en Hekkies
Zea Solaan	Dogters	o/12	Gewigstoot
Chrislie Ferreira	Dogters	o/13	Hekkies
Ané de Lange	Dogters	o/13	Hoogspring

Kean Steffens	Seuns	o/10	Gewigstoot
JG de Lange	Seuns	o/11	Gewigstoot
Stefan de Bruin	Seuns	o/11	Gewigstoot en Diskus

Die volgende atlete het aan die **Oos-Kaap Atletiekbyeenkoms** in Cradock deelgeneem.

Alet Bezuidenhout	Dogters	o/11	Hoogspring
Chrislie Ferreira	Dogters	o/13	Hekkies

Veels geluk aan die atlete en hul ouers.

Shaun Barnard

12.2 MINI-KRIEKET

Ons het die jaar weer aan die Kouga-liga deelgeneem. Ons was baie bevoorreg om die jaar 2 spanne in die o/9 groep in te skryf. Ons kon die eerste kwartaal ‘n paar wedstryde speel. Ons sien baie uit om met die talentvolle spelers nog ‘n pad vorentoe te stap.

Christie Viljoen

13. KULTUREEL/ANDER

13.1 REDENAARS

Radikale redenaars

Die radikale redenaars se organiseerders het te midde van die pandemie voortgegaan!
Die redenaars moes ‘n video-opname van hul toesprake aan organiseerders deurstuur en so het hul virtueel deelgeneem.
Baie geluk ook aan al ons radikale redenaars wat deelgeneem het.

ATKV redenaars

Hierdie jaar was ‘n vreemde jaar met ‘n klomp uitdagings. Ons redenaars het ook onder die pandemie gely.
Die ATKV redenaars is gekanselleer en inskrywings word oorgedra na 2021.

Interne redenaars

Ons het ons Afrikaans- en Engelse redenaarskompetisie gedurende kwartaal 1 en 3 afgehandel.
Baie geluk aan ons deelnemers! Julle was tops!

Yolande Wethmar

Pikkie Praat

Ons het hierdie jaar weer die voorreg gehad om ons jaarlikse Pikkie Praat aan te bied en dit was weereens ‘n reuse sukses. Graad 1, 2 en 3 leerders was aangemoedig om in die klas mondeling te praat, waarvan ‘n sekere aantal per klas gekies was om deel te neem voor ‘n paneel van beoordelaars, ouers en hul klasmaats. Elke deelnemer het ongelooflik gedoen en ons is baie trots op elkeen van hulle.
Baie dankie aan ons aankondigers, AJ en MJ Bezuidenhout, wat hul baie goed van hul taak gekwyt het. Dankie ook aan ons wonderlike beoordelaars, Juffrou Yolande Wethmar, Mnr Hugh McCabe en Retha van der Merwe, wat die moeilike taak aangepak het om die wenners te identifiseer.
Die wenners is soos volg: Graad 1 – Edith van der Watt, Graad 2 – Steph Muller en Graad 3 – Lieschen Steffens.

Alison Eekhout

13.2 Skoolkonsert Laerskool Gamtoosvallei

Oo Laerskool Gamtoosvallei, jou het ek lief bo alles!!!!

Vandat my eie kinders skooltoe is, was ons as ouers maar betrokke by al die skoolaktiwiteite. Soos enige plattelandse skool is daar maar altyd `n groot behoefte aan fondse. Laerskool Gamtoosvallei voorsien van altyd af net die beste onderwys, fasiliteite en geleenthede vir al sy kinders en hulle staan uit in die hoërskole en orals waarheen hulle gaan.

Ek het per geleentheid gedink hoe ons addisionele fondse kon insamel. Modeparades was `n groot sukses en die boorlinge van die vallei se ywerige deelname en entoesiasme was `n aansporing. Later is die gedagte van `n konsert om die mammas en pappas te betrek, gebore. Dit was `n wegholsukses. `n Eie draaiboek met insidente en persoonlikhede uit die vallei self het ekstra kleur en belangstelling aan die vertonings gegee. Die eintlike stukrag was eintlik die repetering wat ontwikkel het in heerlike sosiale byeenkomste. Die ouers wou net kom oefen!! Telkens was die vertonings vir my as regisseur ook `n groot verassing. Ballerinas met XXXL lywe en harige bene het die gehoor behoorlik geboei en die akteurs en aktrises se energieke entoesiasme was aansteeklik.

Ons het `n klompie konserte gehou en ons gemeenskap se ondersteuning was waardevol vir die skool se finansies. Nadat my kinders hoërskole toe is, was ek by ander skole betrokke.

`n Ruk nadat my kinders uit die skool is, is ek gevra of ons nie weer `n konsert kan hou nie. (Dis harde werk, maar lekker). Soos altyd met Patensie-ouers, is die nuwe geslag ouers baie entoesiasties en is daar weer soos in die ou dae gereeld geoefen, gebraai, gekuier en sosiaal verkeer. Hierdie keer het die Guptas hulle streke op die verhoog uitgehaal, raad met die Corona virus is uitgedeel en daar is gedans en gesing.

Met `n gemeenskap soos dié van ons vallei is die toekoms van Laerskool Gamtoosvallei rooskleurig en my liefde vir die kunste en die “planke” is onblusbaar!!!!!

Hildie du Preez

3.3 MUSIEK EN KOOR

Wat 'n vreemde jaar! Tot en met Maartmaand het alle sangklasse en kooroefeninge saam met Anmagreth soos gewoonlik gefunksioneer en het ons ons leerlinge voorberei vir die Kunsfees en skielik .... Corona virus. Die afgelope paar maande was die saal, klavier en sangklasse stil. Gelukkig, vanaf 1 September kon ek weer elke Dinsdagoggend vir die voorskoolse Kleuters, Graad RR en Graad R laat liedjies sing en bewegings laat doen in die saal en geniet ons dit met maskers en al! Ons oefen ook Kersliedere vir Dink en Doen se Kerskonsert.

Ek begelei ook die Graad 1, 2 en 3 klasse op die klavier en oefen hulle Kersliedere vir 'n Kersspel later vanjaar. Ons hoop om in November al die sangklasse en kooroefeninge te hervat en om dan uit volle bors te sing tot die einde van die jaar.

Die afgelope "stil" maande het maar net weereens vir my gewys hoe belangrik musiek en sang in ons almal se lewens is en as ons dit nie gereeld beoefen nie laat dit regtig 'n leemte in ons elkeen, klein en groot.

Mag ons van nou af elke sangklas en kooroefening so waardeer dat ons GOD altyd sal bly loof en prys vir ons stemme!

Retha van der Merwe

5. KINDERKRANS

Wat 'n wonderlike voorreg en vreugde is dit om elke Vrydagoggend Kinderkrans te mag hou vir elke kind vanaf Graad R tot Graad 7.

In Psalm 119:9 staan: "Hoe kan 'n jongmens (kind) sy/haar lewe skoon hou? Deur hom/haar te hou aan U Woord". Ons is so dankbaar vir elke persoon wat bereid is om elke Vrydag die Woord van die HERE aan die kinders oop te breek en vir hulle meer van die HERE te leer. Ek is seker dat die kinders elke oomblik geniet en dat elke les 'n leerskool deur die lewe vir hulle sal wees.

Baie dankie aan die Skoolhoof en Personeel vir hierdie geleentheid wat ons kry om ons kinders in die Woord te onderrig. Ons waardeer dit en besef die groot verantwoordelikheid wat ons het om kinders geestelik te onderrig en op te voed.

Retha van der Merwe

16. ENTREPRENEURSGELDE

'n Groot dankie aan almal wat tot dusver deelgeneem het aan die entrepreneursdae in 2020. Ons gee graag vir u 'n uiteensetting hoe die verskillende grade hul geld aangewend het.

DINK EN DOEN en GRAAD R
Paadjies vir fietse – Reeds in Desember 2019 laat doen

GRAAD 7
Blindings in klaskamer installeer

As gevolg van Covid is daar besluit om nie onnodige onkostes aan te gaan nie. Dus gaan die ander grade se Entrepreneursgelde in 2021 aangewend word. _

17. BEDANKINGS

Dit is vir my 'n eer en 'n voorreg om die volgende bedankings te doen:

- Die **Departement van Onderwys**, FEDSAS en die S.A.O.U. vir u raad, bystand en leiding, veral mnr Pierre de Villiers vir sy waardevolle bydrae tot die onderwys in ons Distrik.

- Die **OOV** wat reuse werk gedoen het en sorg dat ons kinders en gaste lekker eet tydens sportbyeenkomste en funksies.

- Ons **ouers,** die **gemeenskap, instansies** en die **kerke**: U ondersteuning is van onskatbare waarde. Baie dankie!

- **Beheerliggaam**:
  Die Voorsitter, Mnr. Grewar Oosthuizen en sy span lewer uitstaande werk en stel altyd die skool, leerders en ouers eerste met besluitneming. Baie dankie.

- **Personeel**:
  Ek glo dat ons personeel een van die bestes is. Die leerders se belange kom altyd eerste. Baie dankie vir onbaatsugtige opoffering en pragtige prestasies op vele terreine.

- **Leerders**:
  Julle is voorwaar 'n besondere groep kinders. Kinders wat veelsydig is en op hul voete kan dink. Ons kry baie goeie terugvoer vanaf die hoërskole rakende ons Gamtooskinders. Die skool is baie trots op julle.

- **Donateurs/ Borge:**
  'n Spesiale woord van dank aan elke donateur en instansie wat 'n bydrae gelewer het tot die sukses van die skool.

- **Ons Hemelse Vader**
  U seën ons skool ryklik. Ons loof en prys U vir U goedheid.